

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Ass

SAAKNOMMER: CC 4S2/85

DELMAS

1987-06-17

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21
ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST
ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 238

(Bladsye 12 638 - 12 682)

HOF HERVAT OP 17 JUNIE 1987.

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

GETUIE : U Edele, voor ons begin, mag ek iets vra met die Hof se toestemming?

HOF : Ja. -- Die versoek wat ek aan die Hof wil rig gaan oor die kruisverhoor wat op my gemik is. Die vrae wat ek gevra word onder kruisverhoor maak my deurmekaar. Ek het vir hierdie Hof gesê dat ek 'n predikant is en in my hoedanigheid as 'n predikant wat my betrokkenheid is aangaande my pligte. Ek het hier vir die Hof gesê dat ek geensins deelneem aan (10) enige politieke organisasie nie. Ek het geen betrokkenheid hoegenaamd nie. Nou die dag, eergister, Maandag, was ek hier gekruisverhoor deeglik oor die politieke bedrywighede van organisasies en my betrokkenheid daarin en ek moes ook verduidelik het wat die teorie is wat betrekking het by politieke organisasies en wat my betrokkenheid is met die teorieë van die politieke organisasies. Ek het hier vir die Hof breedvoerig vertel aangaande die vergadering van 12 Augustus en ek het aan die Hof hier vertel wat my pligte was net voor die vergadering, dat dit van my verwag was om ten(20) volle die pligte uit te voer aangaande die lewe van die mense wat 'n gedeelte vorm van my gemeente. Wat ek wil tuisbring is dat dit onmoontlik is vir my om alles terselfdertyd te kan behandel. Dit wil sê by een vergadering wat gehou is, naamlik die lewe van die gemeente, die gelofte van die gemeente en die betrokkenheid van die lede van die gemeente wat hulle probleme is wat hulle ondervind. Om op een slag aandag te kan gee aan alles is vir my onmoontlik. Ingesluit die hulp wat verleen word aan die mense wat sukkel om in die lewe by te bly met die onkoste. Daar is geen regering(30) hoegenaamd/...

hoegenaamd wat in staat was om dit binne 'n uur te kan reël en dit te kan baasraak dat alles vlot kan verloop nie. Ek doen dus 'n beroep op hierdie Hof dat ek beskou moet word as 'n predikant en dat my pligte daarop gebaseer moet word, dat ek te doene het met priesterlike pligte. Dit wil sê aangaande die kerkdienste en dat ek dan ook die geleentheid gegee word, want alles wat hier genoem word, word verwag dat ek aandag daaraan sou gegee het binne 'n uur. Dit wil sê wat ek gevra word hier word van my verwag om te kan verduidelik oor die gebeure wat plaasgevind het in die tydperk(10) van 'n uur. Die vergaderings wat ek alreeds van melding gemaak het wat in Augustusmaand gehou is, sê ek was dit nie nodig gewees dat hulp verleen moet word nie, sou daardie vergaderings nie plaasgevind het nie. Dit beteken dus wat plaasgevind het by die verskillende vergaderings, het plaasgevind omdat 'n mens dit nie by een vergadering dieselfde dag kon behandel het nie. Dit het veroorsaak dat daar verskillende vergaderings gehou moet word. Dit is al wat ek wou gesê het.

Ja, dankie, dit is genotuleer. As u enige beswaar het teen die prosedure hier in die hof, dan moet u my sê, maar(20) intussen moet die saak voortgaan, want die Staat het 'n ander siening op die saak as wat u op die saak het en die Staat is geregtig om vrae te vra om te kyk of hy sy siening kan bewys.
-- Ja.

MNR. JACOBS : U Edele, die beskuldigdes is almal voor die Hof. Daar het nog niks verder tot ons kennis gekom of enige versoeke verder oor beskuldigde nr. 14 nie.

MR BIZOS : I understand that the Prisons Department is trying to make alternative arrangements in view of the absence of the original doctor.

(30)

VERDERE/...

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, wanneer het dit in jou gedagte gekom dat daar meer as een vergadering gehou moet word? Dit is afgesien van die vergadering van 12 Augustus 1984? -- Dit was terwyl die vergadering van die 12de aan die gang was. Dit is as gevolg van die versoeke van mense wat gerig is dat daar nog 'n vergadering gehou moet word dat dit in my gedagte gekom het.

So, die gedagte van 'n tweede vergadering op die 19de het ontstaan op die vergadering van die 12de? -- Ek het in gedagte gehad dat daar een of twee vergaderings nodig sal(10) wees vir hierdie aangeleentheid, maar die versoeke wat gerig is tydens die vergadering van die 12de was dus as staving gewees dat dit nodig was vir die tweede vergadering.

Wat was die versoeke, hoekom moes 'n tweede vergadering gehou word? -- Die versoeke was dat die tweede vergadering gehou moet word sodat ons nou daardie dag kan sien wat gedoen kan word aangaande die petisie en die hofinterdik wat ons van gepraat dat ons besluit het daaromtrent by hierdie vergadering dan kan neem.

Hoe sal jy sê, wat was die doel gewees van die tweede(20) vergadering? Was dit 'n verslagvergadering of wat was die doel daarvan gewees? -- Die doel van hierdie vergadering sal ek sê was om 'n verslag te kom doen oor die vordering en ook wat plaasgevind het in die loop van die week, dit wil sê na die vorige vergadering, iets wat plaasgevind het wat 'n effek gehad het op die mense se lewens.

En as ek dit aan jou stel dat die doel van die tweede vergadering was meer as dit gewees. Die doel was op daardie vergadering dat daar sal 'n sterk vooroordelende aanval op raadslede gedoen moes word, om hulle heeltemal te vernietig(30)

in/...

in die oë van die mense van die Vaal, wat sal jy daarop sê? -- Dit is glad nie die waarheid nie en dit sal nooit die waarheid wees nie.

Met watter doel het jy dan na beskuldigde nr. 16 toe gegaan? -- Met die doel om die raad van hom te gaan kry indien daar enige advies was om die gemeenskap te kan help.

In watter opsig te help? Watter raad soek jy? Hoe kan die gemeenskap gehelp word in watter opsig? -- Ek het my gevoelens aan hom oorgedra en my siening en die manier waarop ek dit gesien het wat die probleme van die hele gemeenskap(10) is wat ek in gedagte gehad het om te gaan help. Ek wou dus gehad het dat daar genadig opgetree word teen die mense.

Ek het vir jou gevra wat se advies het jy van hom gevra? Sê net vir ons dit. -- Ek het raad van hom gaan vra indien hy my advies kon gee hoe om op te tree om die mense te kan help en die rede daarvoor was omdat hy aan my bekend was as 'n Christen. Dus het ek op hom besluit op sy ondervinding.

Kom ons probeer dit op 'n ander manier. Wat se advies het hy vir jou gegee, hoe moet jy die mense help? -- Die hulp wat hy verleen het was dat hy die Sondag die vergadering (20) bygewoon het en 'n toespraak gelewer het aan hierdie Here se gemeenskap wat daar teenwoordig was.

Ek sukkel nou, ek het nou op 'n ander manier probeer, nou vra ek weer vir jou, jy het gegaan na hom toe, jy het gevra vir advies, wat se advies het hy vir jou gegee? Verstaan jy die vraag of nie? -- Ek verstaan die vraag. Beskuldigde nr. 16 se advies was dat ek 'n regsman moet gaan sien. Ek het toe die prokureurs gaan sien om raad van hulle te kry en tweedens het hy ingewillig dat hy, beskuldigde nr. 16, persoonlik die vergadering sal bywoon, wat hy wel gedoen het(30)

en/...

en hy het dus die vergadering toegespreek.

Het jy vir beskuldigde nr. 16, toe hy ingewillig het om h spreker te wees, gesê dat hierdie vergadering wat julle gaan hou op die 19de is h verslagvergadering, die hele doel van daardie vergadering is h verslagvergadering? -- Ja, beide, dat dit die doel was en ook dat hy h toespraak moet maak.

En as dit die doel van verslagdoening is, het jy vir hom gesê hy moet die mense toespreek en sê wat kan gedoen word oor die petisie en die interdik? -- Ek en hy het die twee bespreek, dit is die petisie en die "court interdikt", waarop hy my(10) toe aangeraai het om h prokureur te sien. Ek het dus na dit, dit wil sê na die onderhoud met hom, h prokureur gaan sien.

Jy sien, jy antwoord weer nie my vraag nie. Ek vra het jy dit aan hom oorgedra dat hy nou as h spreker die mense moet gaan toespreek en vir hulle h uiteensetting gee van wat met h petisie gedoen kan word en wat met h interdik gedoen kan word? -- Ek sê nee, want hy is nie h regsman nie. Ek het h regsman gaan sien. Dit lyk vir my die Staatsadvokaat het verwag dat hy die regspunte moet gaan bespreek terwyl hy nie h regsman is nie. Ek stem nie saam nie. (20)

Hoe het jy vir hom gevra waarom moet hy die mense toespreek? -- Oor die verhoging op huur.

HOF : Wat oor die verhoging op huur? -- Hy moes ons kom help het in die sin dat hy vir ons kan sê wat se stappe, wat se prosedure gevolg moet word om die verhoging te verhoed, dat dit nie in werking gestel word nie, deurdat hy vir ons sal moet sê wat hulle gedoen het by sy woonplek met betrekking tot dit.

Wat het hulle inderdaad gedoen by sy woonplek met betrekking daartoe? -- Wat ek van weet is, daar was h (30)

verhoging/...

verhoging van huur en dit het hulle hof toe geneem.

MNR. JACOBS : Was hulle suksesvol? -- Ja, hulle was.

Was dit by wyse van 'n interdik? -- Ek kan nie onthou nie. Ek weet nie wat het gebeur nie, maar al wat ek van weet is, die uitslag daarvan, dat hulle daarin geslaag het.

HOF : Is dit lank vantevore of onlangs? -- Wat ek reg onthou is dit was gedurende die jaar 1980.

MNR. JACOBS : Het jy hom gevra om vir die mense te gaan verduidelik wat hulle gedoen het omtrent die neem van die hele aangeleentheid van huurverhoging na die hof toe? -- Ek (10) kan nie so goed onthou nie. Dit is moontlik dat ek so aan hom gesê het.

Het jy aan beskuldigde nr. 16 inligting verskaf daarso oor wat hy kan gebruik in sy toespraak as hy kom om die mense toe te spreek? -- Ja, ek het hom ingelig.

Is dit omdat hy nie 'n inwoner van die Vaal is nie en hy ken nie die omstandighede in die Vaal nie? -- Ja, ek het en tweedens omdat hy 'n "field worker" is van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Dus het hy die inligting en die agtergrond van mense wat sukkel. (20)

Maar ek is nou spesifiek geïnteresseerd in die mense in die Vaal. Het hy ook die inligting en die agtergrond van die mense in die Vaal gehad? -- Ek het gesê in my antwoord ja en ek het hom eintlik verder ook ingelig van 'n ander voorstel wat ek aan hom oorgedra het.

Wat se ander voorstel verwys jy nou na? -- Die voorstel wat ek van praat is dit wat ek nou net aan u gesê het dat ek het voorgestel dat omdat hy in die diens is in hierdie hoedanigheid van hom, sal dit raadsaam wees vir hom om die inligting te bekom. (30)

Wat/...

Wat se inligting het jy toe aan hom verskaf omtrent die Vaal? -- Wat ek aan hom oorgedra het was dat die huur die lewe van mense van Sharpeville gaan affekteer. Ek het toe aan hom oorgedra wat ek alreeds in my getuienis-in-hoof vir die Hof gesê het.

Het jy aan hom inligting gegee oor die raadslede? -- Nee, ek het nie.

Niks nie? -- Nee.

Beskuldigde nr. 16 is hy ook 'n ondersteuner van Swartbewussyn? (10)

MR BIZOS : What is the question? Member or?

MNR. JACOBS : 'n Lid of ondersteuner.

HOF : Ek het gedink Swartbewussyn is 'n filosofie. Jy is nie lid van 'n filosofie nie. Jy is 'n aanhanger van 'n filosofie.

MNR. JACOBS : Is hy ook 'n ondersteuner of 'n aanhanger van die Swartbewussynsbeweging? -- Ek weet daarvan dat hy iets daaromtrent weet.

HOF : Ja, ek ook, maar dit help my nie. -- Al wat ek kan sê is hy weet van die bestaan daarvan en hy weet iets daaromtrent, maar verder sal hy self dit kan verduidelik. (20)

MNR. JACOBS : Was dit die eerste keer dat jy ooit vir beskuldigde nr. 16 gevra het om 'n toespraak te kom lewer by enige geleentheid? -- Ja, dit was die eerste keer dat ek hom versoek het.

Toe jy vroeër in Soweto gewoon het, voor jy na die Vaal vertrek het, het jy hom nie daar genooi om vergaderings toe te spreek nie? -- Ek het alreeds aan u gesê dat ek aan geen organisasie behoort nie. Dus is ek nie 'n lid van 'n organisasie nie. As dit die geval is, hoe kan dit vir my nodig wees regtig om hom nou te nooi na 'n vergadering toe?(30)

HOF/...

HOF : Is die antwoord dus nee? -- Ja, dit beteken nee.

Maar nee is mos baie korter as die vorige antwoord wat u gegee het? -- Ja, dit is so, maar kyk, ek het aan hom verduidelik, ek wou dit eintlik duidelik gemaak het wat my posisie is.

Maar u word nie gevra nie. U moet net die vraag antwoord, dan sal ons baie gou klaar wees. -- Dan moet hy 'n goeie vraag vra.

Dit was 'n goeie vraag. As dit 'n slegte vraag is, sal ek beswaar maak of mnr. Bizos sal beswaar maak. (10)

MNR. JACOBS : In die jare 1976/77 toe jy in Johannesburg bedrywig was, het jy beskuldigde nr. 16 geken in daardie tyd? -- Ja, lank.

En het hy daar aan organisasies behoort? -- Ja.

Watter organisasies? -- Hy was 'n lid van die Committee of Ten.

En jy self in daardie jare, het jy aan politieke aktiwiteite deelgeneem? -- Nee.

Kan jy vir die Hof sê, was jy op 'n stadium gearresteer vir 'n optog wat gehou was? -- Ek weet. (20)

Is dit 'n optog in beswaar teen die verbanning van aanhouding van leiers van verbanne organisasies van die SASO organisasies en daardie ander?

HOF : Ek het nie duidelikheid oor die vraag nie. Is die vraag dat dit 'n optog is teen die verbanning van organisasies of teen die aanhouding van leiers van verbanne organisasies?

MNR. JACOBS : Teen die aanhouding van leiers en verbanning van daardie organisasies? -- Nie net SASO nie. Dit was in verband met al die organisasies wat verban was en die aanhouding van die leiers van hierdie organisasies wat verban(30)

was/...

was.

En jy sê dit is nie 'n politieke aktiwiteit nie? -- Nee. 'n Mens kan betrokke raak in politieke bedrywighede alleen as hy aan 'n organisasie behoort. Ek is 'n predikant en wat ek doen is wat betrekking het op my posisie van 'n predikant.

In die optog het jy selfs 'n plakkaat ook gedra? -- Ja. Ons was daar as predikante wat deelgeneem het.

Toe jy nou na beskuldigde nr. 16 toe gegaan het, het jy probeer om vir die mense wat nou werklik 'n probleem gehad het, die veertig hulpbehoewendes in jou gemeente, finansiële hulp(10) te kry van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke? -- Nee.

Hoekom nie, want dit was eintlik die mense wat die nood gevoel het op daardie stadium volgens ek jou getuienis verstaan? -- Ek sê nee, ek het dit nie gedoen nie, want die hulp wat verleen word is nie die soort van hulp wat 'n mens net moet gee nie. 'n Mens moet dit so reël dat hulle ook in staat moet wees om self dinge te kan doen vir hulle self. Ek het ook al hier gesê dat 'n ding wat te doene het met mense, is 'n ding wat meer tyd nodig het om toegepas te word.

Ek stel dit aan u u het nie hierdie hulp gesoek nie, (20) omdat hierdie mense nou nie meer van belang was nie, maar die belang was die groot aanslag teen die raadslede? -- Dit is nie korrek nie. Ek het gister hier vir die Hof vertel wat my posisie is. Selfs gedurende verlede week het ek hier in die hof verduidelik wat ons alles doen om die mense te kan help. Byvoorbeeld ek het melding gemaak hier van beurse en nog ander dinge.

Dit is so dat die Raad van Kerke help ook sulke behoeftige mense? -- Ja, maar daar is 'n prosedure wat gevolg word. Daar is vorms wat 'n mens moet voltooi in aansoek. Dan (30)

kan/...

kan jy eers hulp kry.

Is dit te veel moeite om die aansoekvorms te voltooi?

-- Dit is nie wat ek sê nie, maar dit is nie net dit nie.

Die Black Sash, help hulle ook verdienstelike gevalle waar daar behoefte is? -- Sal u omgee om dit vir my te verduidelik, want wat u nou gestel het is so wyd dat ek nie kan verstaan wat u daarmee bedoel nie.

Verstaan jy nie die vraag nie? -- Dit is juis die punt hoekom ek vra dat u die vraag moet verduidelik. Ek verstaan nie wat die vraag is nie. (10)

Ek vra vir jou 'n eenvoudige vraag. Die Black Sash of hulle verdienstelike gevalle van arm mense en behoeftige mense, as daar na hulle gekom word vir hulp, finansiële help, ja of nee? -- Ek weet wel van ander soort hulp wat hulle verleen, byvoorbeeld die posisie van die mense aangaande die bewysboeke en ander benodigdhede van persone.

Verstaan ek dan reg, sover as wat jou kennis strek, help die Black Sash net mense omtrent ander dinge as finansiële - ander dinge as armlastiges? -- Ek sê ek weet nie in daardie opsig nie. (20)

Toe jy by mev. Sheila Duncan was, het jy vir haar gevra of hulle kan help op 'n finansiële basis vir behoeftige mense wat nou hierdie nood het in jou gemeente? -- Nee, ek het net aan haar verduidelik wat die posisie is van my mense, die gemeente daar. Sy het advies aan my gegee. Ek het dit toe uitgevoer soos sy dit aan my oorgedra het.

HOF : Het u 'n regsprobleem aan haar gestel? -- Ja.

MNR. JACOBS : Hoekom het u nie vir haar ook gevra of hulle ook hulp verleen aan mense nie, hierdie mense kry swaar? -- Ek het dit nie nodig gevind nie, want ek sal u sê dit was (30)

nie/...

nie net gemik op die veertig persone nie. Die hulp wat probeer verkry het was nie net vir die veertig persone nie, maar dit was bedoel vir die goeie samelewing van die inwoners in Sharpeville.

U Edele, ek verstaan ek het die naam Sheila Duncan gebruik. Dit is eintlik, die korrekte een is Sheana. Ek is jammer.

MR BIZOS : I know she would take strong exception to be called Sheila, that is why I passed the note.

COURT : Oh, I see, well I will correct my note then. (10)

MR BIZOS : And the record.

COURT : The record will also be corrected. Wherever Sheila appears it becomes Sheana.

MNR. JACOBS : Hierdie besoeke aan beskuldigde nr. 16 en die ander persone, die Black Sash en die prokureur, was dit voor die vergadering met die raadslede wat daar plaasgevind het tussen die raadslede en die kerk of daarna? -- Dit is voor dit.

Die uitnodiging na die vergadering met die raadslede, het jy so 'n uitnodiging gekry, 'n skriftelike uitnodiging? (20)
-- Ja.

Is dit die uitnodiging wat hier by die Hof ingehandig is as BEWYSSTUK AAT14. Nie die spesifieke een nie, maar 'n soortgelyke een. Ek wil net vir die Hof sê AAT14 en AAT15 is presies dieselfde een.

HOF : Waarom het ons dan twee wat dieselfde is? Toon u nou die Sharpeville een aan die getuie?

MNR. JACOBS : Ja, net vir die bewoording. So, daar is nie 'n verskil nie. -- Ja, dit was soortgelyk aan hierdie BEWYSSTUK AAT14. (30)

HOF/...

HOF : U sê AAT15 is dieselfde wat bewoording betref. Ook die paragraaf wat daar genoem is een? Want hierdie is gerig aan "Church leaders of Sharpeville, Boipatong and Bophelong"?

MNR. JACOBS : Ja.

HOF : En watter een is daardie een?

MNR. JACOBS : Ek het net daardie een omdat die woorde presies dieselfde is.

HOF : Wel, die woorde is nie presies dieselfde nie, want die ander een is gerig aan "Church leaders of Zone 3, 7A, 7B, Sebokeng, Residensia" ensovoorts. (10)

MNR. JACOBS : Ek het maar net gedink ek sal hierdie een gebruik vir die bewoording binne.

HOF : U kan gebruik wat u wil, moet net nie die notule deurmekaar krap nie. Laat ons net bly by AAT14 want dit is die dokument klaarblyklik wat die getuie gekry het.

MNR. JACOBS : In daardie dokument word 'n paragraaf gemeld waarin gesê word dat die samesprekings sou wees en dit sou bevorderlik wees vir die bevordering van goeie samewerking tussen die kerklui en die Raad. Is dit reg? -- Waar lees u dit? (20)

HOF : Die heel laaste sin in die kennisgewing. -- Hierdie een lees soos volg "All church leaders are kindly requested to attend as the discussions will serve to further the relationship between church leaders and the Town Council of Leko." Wat is u vraag daaromtrent?

MNR. JACOBS : Het u dit verstaan ook dat die doel van hierdie vergadering is om goeie gesindheid te behou tussen kerklui en die Raad? -- Nee, dit lyk vir my u het iets nou daar bygelas. Ek verstaan dit om die volgende te beteken. Dat dit bedoel is vir die goeie samewerking tussen kerkleiers en die (30)

Stadsraadslede/...

Stadsraadslede.

Toe jy hierdie vergadering bygewoon het, op watter geleentheid was dit? Op watter datum was dit gewees? -- Dit was 16 Augustus.

Is jy seker daarvan? -- Ja, ek dink ek is seker, want dit was n Donderdag gewees toe hierdie vergadering gehou was wat ek bygewoon het.

Is dit so dat die vergadering wat jy bygewoon het, dat mnr. Dhlamini die voorsitter was op die vergadering terwyl mnr. Mahlatsi die hoofspreker was namens die Raad op die (10) vergadering? -- Ek weet nie wie die voorsitter was nie. Beide van hulle het daar gesit en Dhlamini het dit toe bekend gemaak dat Mahlatsi die spreker gaan wees. Wie die voorsitter was van die twee weet ek nie.

Op hierdie vergadering het mnr. Mahlatsi ter aanvang van hierdie vergadering aan die kerkmense wat daar was verduidelik dat die Raad n week van goeie trou "good will" tussen die raadslede en inwoners beplan? -- Ek kan nie onthou nie.

Jy kan dit nie betwis nie, nê? -- Nee. (20)

As dit dan daarso n voorstel was van die Raad dat hulle goeie trou onder die mense en die Raad wil bewerkstellig, samewerking, vrede, harmonie, as n kerksman het jy nie gedink dit is n goeie idee nie? -- Dit was n goeie ding gewees indien hulle so iets in gedagte gehad het.

Het mnr. Mahlatsi ook daar gesê dat hy wil graag goeie samewerking tussen die kerke in die Vaaldriehoek en die Raad verkry en dat die kerke ook deel moet neem aan die bevordering van hierdie week van goeie trou? -- Nee, hy het geen melding daarvan gemaak nie. (30)

Het/...

Het hy ooit melding gemaak dat die Raad ook goeie samewerking wil hê saam met die kerkleiers? -- Ja, maar op sy manier wat hy wou gehad het. As ek sê op sy manier wat hy wou gehad het, bedoel ek dat hy die samewerking gevra het dat ons, die kerkleiers, nie toestemming moet verleen vir die gebruik van ons kerkgeboue deur politieke organisasies om daarin vergaderings te hou nie.

Toe hy julle ook versoek het as die kerklui dat die kerke nie gebruik word nie, het hy ook daar voorgestel dat die gemeenskapsale nie eerder gebruik moet word en beskikbaar(10) is vir politieke vergaderings nie? -- Ja, hy het so gesê, maar ons het dit by hom tuisgebring, byvoorbeeld ek is een van die mense wat dit by hom tuisgebring het dat dit wat hy sê nie gebeur nie.

Laat ons dan nou net een ding goed verstaan. Die burgermeester, mnr. Mahlatsi, het gesê dat julle vergader daar om die week van die goeie trou met die gemeenskap te beplan om versoening te probeer bewerkstellig tussen raadslede en die gemeenskap, ten tweede dat hulle wil ook graag samewerking hê met die kerklui en dat daar 'n goeie gees (20) heers tussen kerklui en die Raad? Derdens, dat die kerke moet nie gebruik word vir politieke vergaderings nie, maar dat die gemeenskapsale beskikbaar gestel word vir die hou van politieke vergaderings? -- Nee, dit is nie so nie, dit wil sê ten opsigte van die aantal dinge wat u nou genoem het. Toe hy melding gemaak het van "The week of the good will" het ek aan hom gesê dat ons kerke is altyd betrokke in goeie dinge wat by die kerk gedoen word. So, dit wat hy nou voorstel is nie nodig nie en wat die ander punt betref, al wat hy wou gehad het is dat ons moet saamstem dat daar (30) nie/...

nie vergaderings van politieke aard in ons kerkgeboue gehou word nie. Dit was nie eintlik 'n versoek wat hy rig nie, maar dit was 'n instruksie wat hy gee dat dit so moet wees, want hy het verder gesê dat as dit nie so gedoen word nie, dan gaan hy die "leasehold" van ons terugtrek. Ons het hom toe gevra wat hy bedoel met hierdie politieke vergaderings, hy moet dit verduidelik, want as dit hom pas, dan word daar vergaderings gehou van dieselfde beskrywing deur hom, byvoorbeeld te Bophelong, waar die raadslede se verkiesings by hierdie kerk plaasgevind het. (10)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Die verkiesings? -- Is daar gekies.

Kan ons net duidelikheid kry. Is die stelling wat u aan hom gemaak het dat die verkiesing, die stemmery by die kerk plaasgevind het of is die stelling wat u maak dat daar 'n politieke vergadering by die kerk plaasgevind het? -- Wat ek bedoel daar is dat die kerk word gebruik ter bevordering van politieke bedrywighede in die sin dat daar verkiesings gehou was by 'n kerk

So, dit was die verkiesing, die stembusse was daar? Dit is nie 'n vergadering wat daar gehou was nie? -- Ja, dit (20) was gebruik as die stembusse.

HOF : Dit was die stemlokaal? -- Ja, dit is dinge wat te doene het met politiek.

MNR. JACOBS : Jy luister nie na my vraag weer nie en jy antwoord nie op my vraag nie. My stelling aan jou was gewees dat daardie drie aspekte wat Mahlatsi, die burgermeester, daar genoem het, was genoem aan die begin van sy vergadering en ek wil dit aan jou dan daarby stel as 'n basis vir samesprekings? -- Nee, dit is nie reg nie. Dit is nie die waarheid nie. Hy het net daar begin praat, hy het 'n toespraak gemaak (30)

tot/...

tot op 'n stadium waar ek hom gestop het en gesê het wag, jy kan dit nie met ons doen nie. Jy het ons genooi om hier te kom praat oor die samewerking. Nou is ons hier. Laat ons eers praat van wat die agenda is, sodat ons presies kan weet waaroor ons hier kom gesels. Daar was dus nie 'n samewerking gewees nie. U sal onthou ek het gesê hy het daar opgestaan en die koerantverslaggewers uitgewys dat hulle nie teenwoordig moet wees daar nie.

HOF : Uitgestuur? -- Uitgestuur, ja. So, as daar samewerking moet wees, moet mense na mekaar luister. Hy het nie geluister(1) nie. Samewerking met mense is dat ons na mekaar moet luister en op die einde van die hele vergadering het hy sommer van die verhoog af afgekom en die lokaal verlaat terwyl hy vroeër daar gesê het dat ons 'n persverklaring bymekaar sal maak. So, dit beteken dan dat daar geen samewerking by hierdie vergadering was nie.

MNR. JACOBS : Dit wat die burgermeester gesê het en hierdie drie punte wat ek vir jou opgenoem het, het die kerklui wat daar teenwoordig was in kennis gestel waaroor die Raad met hulle wil praat? -- Dit was vir ons om te sê "Dit wat julle(2) verwag dat ons moet doen as 'n Raad, is hierdie."

Jy sien, ek het bietjie 'n paar probleme met jou getuienis. Ek gaan terugkom na hierdie drie punte, maar ek wil eers die ander aspekte afhandel. Is jy werklik vertrouwd met alles wat op daardie vergadering gebeur het? -- Ja, ek is.

Jy sien, die getuienis was dat die eerste vergadering tussen die raadslede en die kerk was gehou op 16 Augustus, maar dat jy eintlik nie teenwoordig was nie? -- Waar? In Sharpeville? Hy het dan self hier vir die Hof in sy getuienis gesê, Mahlatsi, dat ek daar teenwoordig was. (30)

Ek/...

Ek wil dit aan jou stel dat oor hierdie vergadering wat jy bygewoon het is daar stellings gemaak deur mnr. Bizos wat heeltemal bots met wat jy vir die Hof hier sê. -- Daar is glad nie 'n botsing nie.

Het jy vir mnr. Bizos die inhoud gegee van die verweer wat gestel was aan die getuies? -- Wat Mahlatsi se getuienis betref, ja.

En Mofokeng se getuienis, raadslid Mofokeng? -- Praat ons van die vergadering van 16 Augustus?

Ek praat oor die vergadering - ek gaan my nie op hierdie (10) oomblik daaroor bind nie, ek sal later daarby terugkom - wat jy voorgegee het wat jy bygewoon het van die raadslede wat gehou is tussen die Raad en die kerk? Vir die oomblik gaan ek jou geen datum gee nie? -- Ek getuig hier oor die getuienis wat gelewer was deur die getuie mnr. Mahlatsi. Dit is die getuienis wat ek van praat. Die twee persone wat ek ken by daardie vergadering was Mahlatsi en Dhlamini.

Ek gaan jou weer vra, die inligting oor die vergadering wat jy bygewoon het en wat aan mnr. Mofokeng gestel was, die raadslid wat hier getuig het, is dit inligting wat van jou (20) afkomstig is? -- Ja. Indien hy by hierdie vergadering teenwoordig was, dan is dit die instruksies wat ek gegee het. Ek sal u sê hoekom. Hy is nie aan my bekend nie. Hy was voorheen ook nie aan my bekend nie. Ek het hom vir die eerste keer gesien hier in die hof.

Ek wil vir jou stel wat is gestel in volume 50 bladsy 2 515 en dit is gestel aangaande jou op 'n vergadering met die raadslede. Die eerste wat ek aan jou wil stel is, dit word daar gesê "Are you able to admit or to deny that he said he could not come the next day and that the matter would have

(30)

to/...

to be arranged on another day"? Is dit so dat jy ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Watter reël is dit? U begin op bladsy 2 514. Gaan voort.

MNR. JACOBS : Ekskuus, ek is jammer vir die fout. "Are you able to admit or to deny that he said that he could not come the next day and that the matter would have to be arranged on another day"? Is dit so dat jy gesê het jy kan nie die eerste vergadering op die eerste dag bywoon nie, maar dat dit op 'n ander dag georganiseer moes word? -- Die stelling het (10) betrekking op 'n geleentheid waar mnr. Mahlatsi mnr. Ganz gestuur het om my te kom nooi na 'n vergadering toe vir 'n sekere datum waarop ek gesê het dat ek nie daardie datum beskikbaar sal wees vir 'n vergadering nie. Daar moet ander reëlings getref word vir 'n ander datum.

Is dit die vergadering tussen die raadslede en die priesters? -- Nee, dit was 'n vergadering dat ek Mahlatsi moes gaan sien het by die kantore te Houtkop. Ek was genooi om soontoe te kom.

Net jy alleen en om mnr. Mahlatsi te gaan sien? -- (20)
Ek weet nie, maar toe hulle na my huis toe gekom het, het hulle my gesê dat mnr. Mahlatsi my daar wil sien. Met wie hy my daar gesien het by daardie tyd weet ek nie.

HOF : Maar het dit toe plaasgevind later? -- Ek het nie gegaan nie.

Nooit? -- Ek het aan die mense my telefoonnommer gegee en gesê dat daar 'n alternatiewe reëling gemaak moet word, die dag sal ek nie in staat wees om daarheen te gaan nie en sodra hy dit dan gereël het, sal hy telefonies met my in verbinding tree. (30)

Is/...

Is die antwoord dit het nooit plaasgevind, die vergadering nie of het dit plaasgevind? -- Ek sê nee.

MNR. JACOBS : Ek wil die hele stuk hier op bladsy 2 515 aan jou uitlees en dan wil ek by jou hoor of jy vir die Hof 'n verduideliking kan gee waar mnr. Bizos dan aan hierdie dinge gekom het wat hy aan die getuie gestel het. Ek gaan net verder by die vorige wat ek aan jou gelees het. Dan vra die Hof "Would have to be arranged later?" "Mr Bizos: That a meeting should be arranged later. - No, I was not told about that." Dan gaan mnr. Bizos voort en hy sê "In any (10) event the, are you able to admit or to deny that the message was sent on 20 August?" Kan jy die datum onthou, 20 Augustus? -- Ek kan nie onthou nie, ek kan nie die datum onthou nie, maar dit kan wees dat ek aan die mense wat daar was saam met mnr. Ganz gesê het dat ons maar by hierdie dag kan vergader.

Dan vra mnr. Krugel "Assessor (Mr Krugel): Which message? Mr Bizos: The message inviting Father Moselane." Dan gee die getuie 'n antwoord en dan sê hy "I cannot deny that because I do not know for which date was he invited." Dan word gestel "May I just correct myself, My Lord. It looks as if the (20) message was sent on the 19th for the 20th." Dan sê die getuie "No, I was not informed about that." Dan gaan mnr. Bizos aan "But in any event on 23 August 1984 a meeting did take place." Dan vra die Hof "Court: That is now between Mr Ganz and no. 3 or no. 3 and the mayor?" "Mr Bizos: No, it was made more general. A meeting between councillors and priests took place." Dan antwoord die getuie "Yes, I was present in that meeting." Dan stel mnr. Bizos verder "And were there approximately fifteen priests and approximately ten councillors? - I did not count." Het jy so 'n vergadering bygewoon?(30)

Nee/...

-- Nee, ek het mos gesê dat ek nie daar teenwoordig was nie, want ek het aan mnr. Ganz verduidelik. Ja, al is dit so moet u een ding onthou dat by hierdie vergadering van die 16de het Mahlatsi hier erken dat ek wel daar teenwoordig was.

En dan gaan ons verder na bladsy 2 517 toe. Ek slaan h gedeelte oor. Dan stel mnr. Bizos weer verder "In relation to the detail that he was sitting next to the Father of the Catholic Church" dit is nou jyself "you are right, he says he was sitting next to him." "Do you recall that the, we will call him the chairman of the meeting to avoid confusion.(10) Do you recall that the chairman of the meeting said that the council had invited the clergy in the hope of fostering a workable relationship with the churches." Is dit korrek? -- Ek kan onthou dat ek langs Vader Patrick gesit het van die Roomse Kerk by hierdie vergadering. Mofokeng maak h verwarring hier. Hy maak h verwarring met die vergadering van die 16de en die uitnodiging van my deur mnr. Ganz en hy maak dit sommer een ding. Ek onthou presies van hierdie vergadering, pertinent as gevolg van wat gebeur het na ek by die vergadering was toe my huis aangeval was. Ek het gesê ons het nog geslaap.(2 Terwyl ons geslaap het, was die huis aangeval. Deur wie die aanval geloods was, weet ek nie.

K771

MR BIZOS : Would Your Lordship allow me a matter of personal explanation. I have read the cross-examination as a whole. If Your Lordship has a look at the top four lines at page 2 517. Your Lordship will see that there was confusion and I started saying that there was something new and then Your Lordship told me that I better take instructions, but when I then do say "Yes, there can be no doubt, accused no. 3 was only at one meeting" and then the cross-examination proceeded(30)

on/...

on the basis that it does not matter what the date was, this is what happened at the meeting. I think that is the basis on which - I draw attention because it may be an explanation not on confusion on Mr Mofokeng's part but possibly confusion on my part, because apparently a note was passed at that time. The cross-examination on the meeting proceeded on the basis that Mr Mahlatsi had spoken about. There can be an argument about the date.

MNR. JACOBS : Die inligting oor die datums en so aan, weet jy waar kom dit vandaan? -- Ek verstaan nie die vraag nie. (10)

Wat ek hier aan jou uitgelees het, weet jy waar kom dit vandaan? -- Wat die 16de betref het ek met Mahlatsi saamgestem want hy is die persoon wat daarvan gepraat het en ek het ook daarvan geweet dat dit die datum is. Die datum, dit is die latere datum toe Ganz gestuur was om vir my te sê dat ek by mnr. Mahlatsi moet kom, kan ek nie onthou nie, maar dit kan wees dat dit daardie datum is wat genoem word. Dit is hoe ek kan onthou die vergaderings plaasgevind het. Verskoon my, nie die vergaderings, maar die verwarring oor datums.

Kan jy vir die Hof sê op hierdie vergadering wat jy (20) nou bygewoon het waar mnr. Mahlatsi met julle gepraat het, is dit reg so dat hy het probeer om goeie wil, goeie trou tussen jou en die raadslede - tussen die raadslede en die kerklui, die priesters en ander kerkmense te bewerkstellig? -- Nee.

Het hy niks gedoen daaromtrent nie? -- Al wat hy gedoen het was om hierdie vergadering byeen te roep en toe het hy opgetree soos ek beskryf het en toe is hy net weg.

Ek sal dit ook dan sê om verwarring te voorkom, die voorsitter van hierdie vergadering, het hy probeer om goeie (30) samewerking/...

samewerking tussen - gesê dat hierdie vergadering is belê om goeie samewerking tussen die kerklui en die raadslede te bewerkstellig? -- Nee, ek het alreeds hier verduidelik wat hy bedoel het met die samewerking van die Raad en die kerkmense. Ek het alreeds ook hier vir die Hof gesê dat daar glad nie so iets was dat daar so 'n samespreking uitgevoer is nie.

Wat sê jy dan van hierdie stelling van mnr. Bizos "Do you recall that the chairman of the meeting (dit is bladsy 2 517) said that the council had invited the clergy in the hope of fostering a workable relationship with the churches"?(10) -- Ja, ek onthou dit, maar sy bedoeling dat die samewerking behoort te wees soos hy dit beskryf het, dit wil sê dat ons moet doen wat hy wil hê.

Dit sal baie beter wees as jy na die vrae luister en die vrae antwoord. Ek het nie vir jou gevra wat was sy bedoeling nie. Ek het vir jou gevra of dit daar op die vergadering aangekondig was dat die doel van daardie vergadering is dat daar beter samewerking moes wees? -- Ja, dit was bedoel, maar ek verduidelik mos hier hoe ons dit verstaan het en wat gebeur het by hierdie vergadering. (20)

Kan jy vir ons sê het die Raad enigiets gedoen om hierdie goeie gesindheid van die Raad teenoor die kerklui paslik en fisies te demonstreer daar op die vergadering? -- Nee, daar was niks.

Het die raadslede nie vir julle mense daar iets uitgedeel heeltemal verniet nie? -- Ek hoor dit vir die eerste keer hier.

Nou? -- Ja, nou wat u daar staan en praat.

Ek wil nou vir jou lees wat hier verder staan. Dan sê mnr. Bizos "Yes, and in order to - did he say that the (30) council/...

council in order to show its good will to the clergy, was handing out invitations to a performance to a choir which was visiting South Africa from overseas"? Dit is weer op bladsy 2 517. -- Ja, dit was gedoen. Eintlik het dit h groot misverstand veroorsaak.

So nou is dit nie die eerste maal wat jy hoor dat die Raad wel iets tasbaar daar uitgedeel het om goeie trou en goeie gesindheid te bevorder nie? -- Dit was nie iets van belang nie, dit was net mors gewees. Ons het dit ook bevraagteken dat hulle so baie geld moet spandeer om h koor van (10) buite die land af te kry. Waarvandaan kom daardie geld as hulle nog van plan is om die huur te verhoog?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Kan ons net vasstel, was u indruk dat die Stadsraad van Lekoa spesiaal die koor van die buiteland af ingevoer het en dat hulle h groot klomp koste aangegegaan het daarvoor? -- Hulle het gesê dat hulle die mense is wat veroorsaak het dat daardie koor van oorsee af hiernatoe moet kom, maar dit was verniet gewees. Ons het gesê dit kan nie wees nie, dit kan nie verniet wees nie.

Maar is dit nie h besoekende koor, h koor wat in elk (20) geval die land besoek en ten opsigte waarvan hulle nou vir u kaartjies aangebied het ten opsigte van h besondere uitvoering deur die koor nie? -- Nee, ek weet nie, maar wat hulle aan ons oorgedra het was dat hulle hierdie koor verkry het wat vir ons hier verniet kom sing. Die toegang is vry, want hulle het al betaal.

MNR. JACOBS : Beteken dit as hulle sê hulle het al betaal dat hulle het vir die koor se kom hiernatoe betaal of hulle het betaal vir die kaartjies vir die vertoning waarna die priesters uitgenooi is en die ander kerklui? -- Die boodskap(30) was/...

was dat ons niks gaan betaal nie, dit gaan ons niks kos nie. Dit sluit in die predikante en onderwysers. Jy moet net jou lyf daar inbring en dit is kosteloos. Al het hulle miskien vir die kaartjies betaal, dit kos baie geld. As dit nou 'n koor is van oorsee af, sê nou byvoorbeeld dit was besig gewees in Johannesburg ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is ons nog op die spoor? -- As hulle nou moet kom na ons toe, kos dit baie geld.

MNR. JACOBS : Ek wou hom nie in die rede val wat hy sê nie. Ek wil dit ook aan jou stel dat hierdie gebaar van goeie (10) trou deur die raadslede aan julle het julle in hulle gesig teruggegooi? -- Ek stem nie saam nie daarmee saam nie. Hulle het eintlik as gevolg van hulle optrede iets in ons oë gegooi.

Is dit korrek, het jy opgetree as die segsman van die priesters en die ander kerklui daar? -- Nee, ek was nie die segsman nie.

Ek wil dit aan jou stel dat jy het 'n leidende rol gespeel op daardie vergadering om op te tree teen die raadslede? -- Dit is nie die waarheid nie. Ek het daar iets te sê gehad soos 'n persoon wat genooi was. Ek is 'n leier van die Christene by (20) my kerk en tweedens, ek is nie die enigste persoon wat iets te sê gehad het by die vergadering nie. Selfs Mahlatsi in sy getuienis hier in die hof het gesê dat daar ander mense ook was wat gepraat het.

Ek wil dit aan jou stel dat dit het nie vir jou gepas dat daar goeie gesindheid heers tussen die Raad en die inwoners of die Raad en die kerklui nie? -- Wat is u vraag? Herhaal die vraag vir my?

My stelling aan jou is, dat u het nie belang gestel nie en u wou nie hê dat daar moet goeie gesindheid kom tussen (30)

die/...

die Lekoa se Raad en die inwoners van Lekoa en Lekoa se Raad en ook die kerklui nie? -- Dit is nie die waarheid nie. Ek het dit gesien as 'n dreigement teenoor myself en my gesin, want later was hulle by my huis gewees waar hulle my gedreig het en ek het nie eers my hand opgelig teenoor een van hulle nie. Van hulle wat by my huis teenwoordig was, getuig hier dat hulle skaam was as gevolg van die optrede van die leier van hulle, naamlik Mahlatsi, byvoorbeeld wat Jokozela sê dat hy en andere eenkant gaan staan het as gevolg daarvan.

HOF : Ek wil nie hê u moet die saak beredeneer nie. Die (10) vraag is, het dit vir u gepas of nie gepas dat daar 'n goeie gesindheid heers tussen die raadslede en die kerklui en dit met betrekking tot die tyd van daardie vergadering nie nie wat later gebeur het nie en u antwoord is nee, die stelling is nie waar nie.

MNR. JACOBS : Ek stel dit verder aan jou dat jy het die leiding geneem en jy was die segsman om hierdie samewerking te verongeluk? -- Dit is nie die waarheid nie.

Jy sien, ek stel die stelling van die segsman aan jou, want dit was gestel deur die verdediging aan Jokozela in (20) volume 49 bladsy 2 549, die volgende "Because I am going to put to you that accused no. 3 was there and was in fact spokesman for the twenty-five priests"? -- Kyk, ek is 'n leier van die Christene en ek is 'n predikant. My posisie verander nie.

Is dit jou antwoord op die stelling wat gemaak was deur die verdediging aan 'n getuie in hierdie saak dat jy die segsman was? -- Dit betwis nie my leierskap nie. Ek is 'n leier. Dit is die waarheid.

HOF : Was u die segsman van die vyf-en-twintig priesters (30)

of/...

of kerklui wat op die vergadering was, ja of nee? -- Nee, ek was nie h leier nie.

As u nie die segsman was nie, is die stelling wat gemaak was deur u advokaat namens u verkeerd? -- Ja, dit is so.

As dit so is, wil u enige verduideliking gee waarom hier verkeerde stellings aan die Hof gemaak is? -- My verduideliking daarop sal wees ek in my beroep is h leier. Dit noem ek, want Mahlatsi het gesê die kerkleiers. Dus was ek daar teenwoordig gewees as h leier van h kerk.

GETUIE STAAN AF.

(10)

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, die vergadering van 12 Augustus, het julle h agenda gehad?

-- Ja.

Die agenda, het dit al die sprekers se name opgehad? -- Ja, dit het.

Watter sprekers se name was op die agenda? -- Ek, Peter Hlubi en Nozipo Myeza.

Die vergadering van die 19de, het julle h agenda daar(20) gehad? -- Ja.

Wanneer is die opgetrek? -- Op die dag van die 19de.

Direk voor die vergadering? -- Ja.

In jou huis? -- Waar ons bespreek het wat alles gedoen sal word by die vergadering.

Wanneer het hierdie bespreking plaasgevind wat alles gedoen sal word by die vergadering? -- Net voor ons my huis verlaat het.

En is daar toe h agenda opgetrek op skrif? -- Nee, dit was nie op skrif gestel nie. Dit was net h mondelinge (30)

ooreenstemming/...

ooreenstemming van wat daar gaan gebeur.

En die 12de se vergadering, was dit ook net 'n mondelinge ooreenkoms? -- Ja.

En die 26ste se vergadering, was daar 'n agenda? -- 'n Mondelinge ooreenkoms.

En dit ook dieselfde met die vergadering van 2 September 1984?-- Ja. Daar is iets wat ek wil noem daar. Wat ek wil noem hier ten opsigte van hierdie vergaderings dat die notule wat gehou was by die vergadering van die 12de is by die vergadering van die 19de aan die gehoor gelees. Die- (10) selfde geld vir die vergadering van die 26ste. Die notule van die vergadering van die 19de is aan die gehoor daar gelees asook by die vergadering van 2 September is die notule van die vergadering van 26 Augustus aan die gehoor gelees. Dit beteken dus dat die notules het by hierdie vergaderings as 'n agenda gedien.

So, daar was nie agendas opgetrek of bespreek van wie gaan sprekers wees en waaroor gaan hulle praat en watter tyd gaan hulle praat en so aan nie? -- Nee, ek het mos gesê daar was net 'n mondelinge ooreenkoms gewees. (20)

Ek wil teruggaan na die vergadering met die Raad toe en ek wil 'n paar stellings aan jou maak. Die eerste stelling wat ek aan jou wil maak en ek wil dit sterk stel is dat jou beswaar dat hierdie vergaderings sonder 'n agenda plaasvind was 'n baie kinderagtige en 'n poging van jou om hierdie vergadering te kelder omdat die mense samewerking gesoek het, die raadslede samewerking gesoek het? -- Nee, dit is nie die waarheid nie.

Want Mahlatsi, die burgermeester, het aan die vergadering gesê daar wat is die doel van die vergadering, julle het geweet wat is die basis van bespreking en as daar - as jy 'n (30)

Christelike/...

Christelike persoon is soos wat jy hier aan die Hof wil voorgee, dan sou jy dit aangegryp het om vrede te bewerkstellig eerder as konflik? -- Dit is nie die waarheid nie. Vrede is nie vrede net omdat h mens nou daarvan praat nie. Vrede is vrede met wat h persoon doen. Ek het met vrede aan hom oorge- dra waar ek navraag gedoen het oor die agenda waarop ons ons toesprake kan baseer.

Sal jy met my saamstem dat jy het geweet waarom die Raad julle bymekaar geroep het, wat die rede daarvoor is?

HOF : Moenie dieselfde paadjie elke keer weer stof trap (10) nie. Ons het dit al gehad. Maak h punt en los hom en dan kan ons met die betoog dit uitpluis van alle kante.

MNR. JACOBS : Ek wil dan aan jou stel op die tweede aspek dat jy het hierdie vergadering ook doelbewus gekelder omdat jy nie samewerking wou bewerkstellig het nie en dit gevaarlik was as daar sou samewerking in h week van goeie gesindheid gehou word tussen die Raad en die inwoners van Lekoa. Ek stem nie saam met u stelling nie, dit is nie waar nie.

En ek stel in die derde plek aan jou dat jy het hierdie vergadering gekelder omdat jy nie samewerking wil hê nie, (20) want daar was h basis vir bespreking dat die sale beskikbaar gestel word vir politieke vergaderings en die kerke gehou word vir kerkdienste? -- Ek sê dit is nie so nie. Ek is daarvan bewus dat die sale nie beskikbaar was vir gebruik van vergaderings deur die gemeenskap nie en ek sê verder dat ek te doene gehad het met die goeie lewe van die mense.

HOF : Ek wil net duidelikheid kry oor die sale storie. Aanvarende dat die sale toe was tot op datum van daardie vergadering, watter aanduiding het u gehad dat hier nie h verandering van beleid voorgestel word deur mnr. Mahlatsi(30)

nie/...

nie? -- Ek praat van wat gebeur het voor die hou van die vergadering en wat toe daarna gebeur het, is dat die onluste plaasgevind het. Dus het ek nie kennis na dit nie.

Dus met ander woorde, wat u sê is, na die vergadering het u geen aanduiding gehad dat hier nie 'n verandering van beleid is aan die kant van die owerhede nie? -- Daar was nie 'n aanduiding gewees dat die beleid sal verander nie, want hulle het geweier dat ons dit aan die koerantmense moet noem.

Wanneer is dit geweier? -- In die eerste plek het hulle die koerantverslaggewers nie toegelaat om teenwoordig te (10) wees by hierdie vergadering nie en tweedens, na die vergadering het hulle sommer weggeloop.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Was die vergadering toe nie alreeds verongeluk of die samesprekings nie? -- Verongeluk? Hoe?

Het die samesprekings nie afgebreek as gevolg van die feit dat die een kant sê die raadslede mors geld, hulle wil nie die koorkaartjies hê nie en die raadslede vra hulle wil samewerking hê, die oor een weer prater. Op 'n stadium het mnr. Mahlatsi en sy raadslede blykbaar die plek verlaat en die samesprekings is af, is verongeluk. -- Nee, ek sê hulle (20) het dit veroorsaak. Ons het eers ooreengekom dat ons daar 'n "joint statement" gaan maak aan die pers, maar na die gesprekke wat daar uitgevoer was, het hulle sommer besluit om die plek te verlaat sonder om daardie verklaring te maak.

MNR. JACOBS : En die vierde punt wat ek dan aan jou wil stel oor hierdie vergadering is die feit dat die koerantmanne nie toegelaat was om op 'n stadium die vergadering by te woon nie, nie 'n rede is waarom daar nie goeie samesprekings kon gewees het as dit in belang van die inwoners was nie? -- Dit is in belang van die gemeenskap. Die gemeenskap is (30)

daarvan/...

daarvan bewus dat daar 'n vergadering gehou word tussen die Raad en die leiers van die kerk. Aangesien dit nou nie 'n geheim was wat teruggehou moet word van die gemeenskap nie, is hulle dan geregtig om te weet wat daar plaasgevind het. Dus dit was in hulle belang.

En ek wil dit verder aan jou stel dat daar op hierdie vergadering hoofsaaklik geen werklike bespreking gewees het oor die punte wat die Raad na julle toe gebring het nie, maar dat daar hoofsaaklik aanvalle op die Raad in hulle doen en late gedoen was en hoofsaaklik deur jou? -- Nee, dit is (10) nie die waarheid nie. Daar was geen samesprekings wat daar uitgevoer was nie. Hulle wou net vir ons gesê het wat om te doen.

En ek wil dit aan jou stel dat die hoofsaaklike rede hoekom jy so gesteld was op die teenwoordigheid van die pers is jy wou gehad het die pers moet sien hoe dat jy aanvalle loods op hierdie raadslede? -- Dit is nie die waarheid nie.

En ek wil 'n finale stelling aan jou stel. Die rede hoekom die raadslede uitgeloop het na die vergadering is omdat daar nie konsensus was oor enigiets waaroor daar 'n (20) persverklaring gemaak kan word nie. Al wat daar was, was die aanvalle op die raadslede? -- Dit is onwaar. Indien daar enige aanvalle geloods was op die Raad sou Mahlatsi my nie gevra het om hierdie vergadering met 'n gebed te sluit nie en onmiddellik na die gebed het hulle toe die lokaal verlaat.

Uit die inhoud van hierdie vergadering, wat was daar wat aan die pers verklaar kon gewees het? -- Ons moes dit bespreek het tussen ons. Dit wil sê ons, die kerkleiers en die Raad, maar daar was nie so 'n kans gewees nie. (30)

HOF/...

HOF : Nee, maar 'n persverklaring gee tog weer wat daar bespreek is en die konsensus wat bereik is. Daar is niks bespreek wat die moeite werd is nie en daar was nie konsensus nie? -- Daar was besprekings gewees tussen ons en hulle. Dit is juis die rede hoekom ons verwag het dat hulle nou met ons 'n samespreking moet uitvoer om te kan besluit wat om vir die persmense te kan sê, want hy het self gesê ons gaan 'n gesamentlike verklaring maak later.

MNR. JACOBS : Ek gaan dan oor na die vergadering van die 19de toe. 19 Augustus 1984. Net voor ons begin, beskuldigde nr. 4, Lazarus More, was hy by die samesprekings wat jy gevoer het by die kantore van Hlubi en Nozipo? -- Ja, hy was daar teenwoordig.

Het hy deelgeneem aan die besprekings daarso? -- By deelneem, bedoel u dat hy iets te sê gehad het? Nee, ek kan nie onthou nie. Al wat ek kan sê is, hy was teenwoordig gewees.

En was dit nie daar aan hom gesê dat hy moet ook teenwoordig wees op die vergadering van die 19de nie en by jou huis bymekaar kom voor die vergadering nie? -- Nee, dit was nie so gereël dat hy vroegtydig voor die vergadering daar teenwoordig moet wees nie. Ook 'n ander ding is, hy kon gehoor het binne 'n hoorafstand dat ons iets sê. Hy kon self gehoor het waarvan ons praat.

'n Mens sou dan verwag het as hy die vergadering bygewoon het dan sou hy daar by die saal ingegaan het en nie by jou huis gekom het nie? -- Hy ken my. Hy kan by my huis aandoen. Hy ken my gesien. Hy kan hulle ook daar gaan groet.

Op die vergadering van die 19de, wie het die tafels en die stoele gerangskik daar op die verhoog en hulle daar (30)

geplaas/...

geplaas vir die mense op die vergadering? -- Daar was geen voorbereidings wat gedoen was nie.

Maar wie het die tafels en die stoele geplaas op die verhoog? -- The Mothers Union wat gebruik gemaak het van die saal vroeër het die stoele en die tafels daar gelaat. Eintlik ook wat daar betrokke is, is 'n klein tafeltjie tesame met 'n klein bankstoel. So, dit is nie baie dinge wat gereël moes gewees het nie.

Wie het die vensters van die saal oopgemaak toe julle ingekom het? -- Niemand het die vensters oopgemaak nie. (10) Ten minste, ek het niemand gesien 'n venster oopmaak nie.

Het hulle toe gebly reg deur die vergadering? -- Ek het nie opgelet nie.

Is daar 'n banier aangebring by daardie vergadering teen die mure? -- Nee.

Glad nie? -- Aan die muur, nee.

Was daar 'n banier teen enigiets opgesit by daardie geleentheid? -- Ja.

HOF : Teen wat? -- Teen die "pulpit".

MNR. JACOBS : Wie het dit gedoen? -- Nozipo met die hulp (20) van Mokgema.

Op watter stadium was dit opgesit? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie. Na ek die vergadering met 'n gebed geopen het, het ek opgemerk dat dit al daar is. Op watter stadium presies dit opgesit is, kan ek nie onthou nie.

Het jy gesien dat Mokgema haar help met die banier? -- Ek het gesien dat die twee van hulle die banier hanteer.

Waar het die banier vandaan gekom op daardie stadium toe jy hom gesien het? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie. Wat ek wel kan onthou is dat hulle die banier daar binne-in die (30) kerk/...

kerk hanteer het.

Was daar vir jou toestemming gevra om dit op te sit? -- Nie by daardie vergadering op daardie tydstip nie, want ek het alreeds toestemming gegee vir die opsit daarvan by die vorige vergadering.

Was dit op die vorige vergadering aangebring in die saal, dit was die vergadering van die 12de? -- Ja, dit was.

En is jy seker dit was opgesit op die vergadering van 12 Augustus 1984? -- Ek vermoed so, ja, want by die meeste van die vergaderings was die banier daar gewees. Ek glo (10) dat dit daar was.

Nee, was dit daar, toe sy vir jou toestemming gevra het vir die 12de se vergadering, opgeplak? -- Ja, dit was.

So, dan was jou getuienis-in-hoof foutief in hierdie opsig waar jy gesê het dit was nie opgeplak op die vergadering van die 12de nie en ek wil vir jou lees ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Opgeplak of aangebring?

MNR. JACOBS : Aangebring op die vergadering van die 12de nie. Ek wil vir jou lees van Volume 230 jou getuienis-in-hoof daaroor bladsy 12 220. Die volgende was aan jou (20) gevra "Court: This banner, had it been there previously on the 12th?" Dan sê jy "No, it was not there on the 12th." Dan verwysende na hierdie vergadering van die 19de sê die Hof verder "So, this is the first meeting where it was?" Dan antwoord jy "Yes, that is the first meeting." Dan vra die Hof vir jou "Was there another banner on the 12th?" Dan is jou antwoord "No." Stem jy saam dat jou getuienis was dan verkeerd gewees?

MR BIZOS : Before the question is put. I think that Your Lordship's question and my question on 12 221 should be (30)

read/...

read to him as well because it has a direct bearing on it.

HOF : Wat staan daar?

MR BIZOS : "Do you remember ..." "I want to ask you in view of His Lordship's question, do you remember for certain whether it was or was not there on the 12th? - Not quite."

MNR. JACOBS : Op hierdie vrae wat ek nou aan jou uitgelees het was jou antwoord baie duidelik nee, daar was nie 'n banier op die 12de nie. Is dit reg? -- Maar daar is mos 'n vraag in antwoord waarop ek gesê het dat ek nie so goed kan onthou nie.

Maar hier het jy nou gesê dit was nie daar nie. Is dit (10) reg? -- Wat ek sê is dat ek onthou presies wat betref die 19de en wat die 12de betref, kan ek nie so goed onthou nie.

Ek wil 'n ander aspek met jou behandel. Toe julle na die kerk toe gegaan het, het daar twee polisievoertuie gery. Is dit korrek? -- Ja.

Daardie pad wat daar by jou kerk verby ry, is 'n pad wat na die polisiestatie toe gaan? -- Nee, ek glo nie u stelling is reg nie. 'n Mens wat soontoe gaan kan gebruik maak van daardie pad, maar dit is nie dat daardie pad alleenlik in die rigting van die polisiestatie gaan nie. (20)

HOF : Nee, maar laat ons nou net duidelikheid kry. Die pad tussen die kerk en u pastorie, daardie pad, as jy hom verleng, kom jy mos by die polisiestatie uit? -- Nee, dit is nie so nie. As u na die foto kyk, is dit nie so nie.

Wat is dan die posisie? -- As u kyk na die opening daar onmiddellik in die nabyheid van my woning ... (Hof kom tussenbei)

Ja, ek kyk nou na foto CA14. Gaan voort. -- 'n Mens kan enige koers vat. Jy kan òf regs gaan òf skuins regs, dit wil sê reguit beweeg òf jy kan links gaan, dan kan jy (30)

daar/...

daar by die hoek draai van die kerk of jy kan reguit verby daardie kerk gaan na die swart dak toe. (Dan beskryf die getuie die ander paaie deur na boontoe na daardie wit struktuur aan die bokant van die foto.) Dit is die rigting wat 'n mens daar kan ry.

MNR. JACOBS : Ry polisievoertuie dikwels in daardie straat wat daar by die kerk verbyloop, tussen die kerk en die pastorie? -- Ja, maar hulle kan enige pad gebruik.

Ja, ek vra nie nou vir jou of hulle enige pad kan gebruik nie. Ek vra net of hulle dikwels daardie pad gebruik? --(10) Ja heen en weer. Dit wil sê in verskillende rigtings.

Van die polisiestasie af in daardie pad in en dan weer dan daar uit in die algemene rigting van die polisiestasie? -- Wat ek sê is dat ek sien dikwels voertuie van die polisie gebruik maak van daardie pad. Of hulle na die polisiestasie toe gaan en of hulle van die polisiestasie af kom, dit weet ek nie, maar ek sien hulle gebruik maak van daardie pad en daar draai partykeer.

Die twee voertuie wat jy die dag gesien het toe jy op pad was na die kerk toe, die 19de, 19 Augustus 1984, hulle(20) het nie stilgestaan nie, hulle het beweeg, hulle het gery? -- Ja, hulle het gery, maar hulle het stadig beweeg. Hulle was nie vinnig nie.

Hulle moes daar om 'n draai gaan. 'n Mens kan nie vinnig om daardie draai gaan ook nie? -- Jy kan daardie draai vinnig vat. Ek het 'n voertuig en ek doen dit.

En die feit is, hulle het wegbeweeg van jou kerk af. In watter rigting ook al, maar hulle het wegbeweeg van jou kerk af? -- Ja. Dit het wegbeweeg van my kerk af, maar regs daar gedraai, dit wil sê by my woning en toe aangesluit(30)

by/...

by die eerste kruising, dit wil sê die eerste afdraaistraat na die regterkant toe waar dit vir my lyk of dit h mens is in daardie straat.

Ek dog die mense het voor jou huis verbygery en daar regs gedraai?

HOF : Ja, maar mnr. Jacobs, sy huis se voorkant is in die rigting van die polisiestasie. As hulle regs draai uit die straat uit, dan draai hulle mos daar regs.

MNR. JACOBS : Die straat waar die vragmotor staan, dit is nie die straat waar die mens is waarna jy verwys nie? (10)

HOF : Nee, daar is h mens anderkant die huis van die getuie met so h blou hempie aan.

MNR. JACOBS : Die voertuig wat met getinte ruite was, is dit h bekende voertuig aan jou, wat dikwels daar ry en wat deur Sharpeville se polisie gebruik word? -- Ja, ek ken tot die persoon wat daardie voertuig gebruik. Hy is h lid van die sekuriteitstak in Vereeniging.

Dan wil ek dit aan u stel dat daar hoegenaamd geen rede was om h gevolgtrekking en h aanmerking te maak dat die polisie daar gery waar hulle gery het in die rigting wat (20) hulle gery het, is om opnames te maak wat op jou vergadering van die 19de sou plaasvind nie? -- Hulle was van plan om by die kerk te wees. Ons kon net nie presies sien of hulle eintlik regtig van plan was om by die kerk te wees nie, want die vensters van hierdie Colt Galant was tinted gewees.

HOF : Is die insittende van elke kar met gekleurde vensters van plan om by h kerk te wees? -- Nee, ek praat van hierdie polisievoertuig.

MNR. JACOBS : Was daar enige polisievoertuie geparkeer by jou kerk? -- Wanneer? Terwyl die vergadering daar aan (30)

die/...

die gang was? Dan weet ek nie.

Kom ek vra dit vir jou so, direk voor jou vergadering begin het, was daar polisievoertuie by die kerk geparkeer? -- Op pad na die kerk toe het ek hierdie twee voertuie gesien. Ek kan nie sê wat gebeur het net voor ons die kerk verlaat het nie. Verskoon my, dit was die verkeerde gebruik van 'n woord. Wat ek bedoel is, ek het die twee voertuie gesien na ons my huis verlaat het terwyl ons daar buite was, maar ek weet nie wat gebeur het in die nabyheid van die kerk net voor ons my woning verlaat het op pad na die kerk toe nie. (10)

Kom ons probeer weer. Ek gaan dit weer vir jou eenvoudig stel, direk voordat die vergadering begin het, was daar geen polisievoertuie geparkeer buite jou kerk nie? -- Wat? 'n Polisievoertuig? Ek weet nie.

Jy het geen polisievoertuig gesien wat geparkeer is voor die kerk direk voor die vergadering begin het nie? -- Wat ek van weet dat dit die polisievoertuig is, ja. As dit 'n voertuig was wat nie aan my bekend was nie, sal ek nie kan sê nie.

K772 Gedurende die vergadering of direk na die vergadering (20) het jy self ook nie 'n voertuig gesien wat aan die polisie behoort wat daar geparkeer was nie? -- Ek sê 'n voertuig wat ek nie van weet dat dit deur die polisie gebruik word nie, sal ek nie kan sê nie, maar wat ek wel van bewus is dat die voertuig deur die polisie gebruik word, nie.

Dan wil ek verder aan jou stel dat daar hoegenaamd geen rede was waarom òf jy òf beskuldigde nr. 16 die indruk kon gekry het dat die polisie gaan nou julle gesprekke op hierdie vergadering opneem omdat hulle voertuig by die kerk geparkeer was nie? Of voertuie, twee voertuie? -- Nee, ons praat van (30) die/...

die voertuie wat ons daar gesien het. Dit is die tweee voertuie wat voor my huis verby is wat stadig beweeg het. Dit is die voertuie wat ons van praat as polisievoertuie.

Dan wil ek dit aan jou stel dat die stelling wat aan getuie Koaho gemaak was dat daar twee voertuie buite jou kerk geparkeer was, was 'n valse stelling gewees? Dit is Volume 25 bladsy 1 164? -- Dit was 'n vraag gewees wat aan hom gestel is. Wat antwoord hy toe?

Hy het gesê "No." -- Dat die voertuie daar geparkeer was weet ek nie, maar dit is nie 'n fout as 'n mens sê dat (10) voertuie daar geparkeer was nie, want ek het die voertuie gesien. Dit is die twee wat ek van gepraat het.

Wat het beskuldigde nr. 2 by jou huis kom maak daardie spesifieke dag, die 19de? -- Ek het hom nie gevra nie. Hy het wel by my huis aangedoen alvorens ons na die vergadering toe is.

Hoekom het jy hom nie gevra nie? Hy wou miskien iets gehad het van jou? -- As daar iets is wat hy van my kom kry het, sou hy vir my gesê het dat hy na my toe gekom het vir hierdie doel. (20)

Is dit nie omdat jy geweet het hy is 'n spreker op daardie vergadering nie? -- Ek stem nie saam met u stelling nie, want ek het hom nie as 'n spreker van die vergadering genooi nie. Hy was ook nie 'n spreker gewees nie.

Beschuldigde nr. 1, was hy by jou huis gewees daardie dag, die 19de? -- Nee.

Het hy by jou persoonlik aangedoen op die 12de Augustus 1984? -- Nee. Ek het hom nie eers geken nie. Hy was glad nie teenwoordig nie.

Op die 12de, as beskuldigde nr. 1 nou vir die Hof sou (30)

kom/...

kom sê hy was daar gewees op die 12de by jou en hy het gerapporteer hy is 'n lid van 'n ad hoc groep van Soweto wat deur AZANYO afgesonder is om in die "struggle" in die Vaal te help, wat sal jy daarvan sê? -- Dit is pure leuens. Hy was nooit daar nie.

En dat jy vir hom gesê het hy moet Sondag, die 19de weer kom, want dan gaan julle weer vergadering hou daar in jou kerk? -- Dit is nie die waarheid nie. Ek het glad nie met hom gepraat nie.

En dat hy op die Sondag, die 19de Augustus 1984 weer (10) by jou huis opgedaag het? -- Daar is nie sulke getuienis wat hier gelewer kan word nie.

Kan jy vir die Hof enige rede gee hoekom sou hy, 'n man van Johannesburg en van Soweto spesiaal op 19 Augustus na jou vergadering in die kerk in Sharpeville sou kom om daar deel te neem? -- Ek weet nie waarvandaan kom hy nie. Ek het dit eers geweet na hy aangekla is saam met my as my mede-beskuldigde dat hy van Soweto af gekom het. Voor dit het ek nie kennis gedra waar hy vandaan gekom het nie.

Sal jy met my saamstem as 'n man van Soweto het hy (20) hoegenaamd geen belang in die Vaal nie? -- Ek weet nie daarvan nie, want hy het nie met my gepraat nie. Hoe kan dit verwag word dat ek daarvan weet?

Sal jy saamstem dat as 'n inwoner van Soweto raak die verhoogde huur en die raadslede van die Vaal hom ook nie? -- Ek sê ek het nie die persoon geken nie. Ek weet dus nie veel van hom nie.

MR BIZOS : It has got nothing to do with this, but the immediate previous topic. The actual passage was not read out to Your Lordship in relation to whether there were (30) vehicles/...

vehicles parked outside the church and it was put as a contradiction I do not want to make a big point of it, but if Your Lordship has a look at pages 1 166 and 1 167. I cannot find any place where I put that vehicles were parked outside the church.

COURT : If you look at page 1 164 at line 11 "Now, on the 19th were there two security police vehicles parked?" and then I interrupted you.

MR BIZOS : I am sorry. I was given the page as 67.

HOF : Kom ons tel weer die draad op. Die vraag was, die (10) verhoogde huur en die raadslede van die Vaal raak nie beskuldigde nr. 1 as inwoner van Soweto nie en die antwoord was "Ek het hom nie geken nie en weet dus nie veel van hom nie." Ek dink die vraag is afgehandel.

MNR. JACOBS : Ek wil dan net om die rekord duidelik te kry omtrent beskuldigde nr. 16, afgesien daarvan dat jy hom gevra het, ook hy het geen werklike belang in die gebeure in die Vaal nie, van mense se verhoogde huur of van die raadslede nie? -- Ek het verduidelik aan hom en ek het hom genooi en ek neem aan hy het ook kennis geneem van wat daar (20) gebeur as gevolg van die koerantverslae wat in die koerante geskryf was.

Sal u saamstem in normale omstandighede het beskuldigde nr. 2 ook nie belange in Sharpeville nie? -- Ja, maar daar is 'n verskil tussen hom en die ander twee, want hy is 'n inwoner van die Vaal.

Hy is nie 'n inwoner van Sharpeville nie? -- Ek het die vraag geantwoord.

Sê nou vir my, is hy 'n inwoner van Sharpeville?

HOF : Sy antwoord impliseer hy is nie 'n inwoner van (30)

Sharpeville/...

Sharpeville nie, maar hy woon darem in die Vaal. Dan weet ons mos nou wat die storie is.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan jou stel, hy het selfs so min belang dat hy nie eers julle petisie wou geteken het in Sharpeville nie? -- As ek reg is, het hy hier vir die Hof gesê dat hy nie bereid was om dit te teken nie, omdat hy nie 'n inwoner was van Sharpeville.

Maar tog kom hy ook weer na jou huis toe voor die vergadering van die 19de? -- Ja, hy het gekom. Ek betwis dit nie. (10)

Sal jy met my saamstem dat op daardie vergadering van die 19de was daar hoofsaaklik vier sentrale persone wat opgetree het op daardie vergadering in die lyn van toesprake? -- Nee, ek stem nie saam met u nie.

Ek wil dit aan jou so stel dat jy self was een van die sentrale figure daar en dat jy 'n aanhanger is van die Swartbewussynsbeweging? -- Ja, maar dit was nie 'n vergadering van die Swartbewussyn nie.

Nee, ek sê jy is 'n aanhanger daarvan. Die tweede is beskuldigde nr. 16 wat die sekretaris was van die SCA, lid(20) van die Committee of Ten en ook 'n simpatiseerder en aanhanger van Swartbewussyn? -- Ek het hier gesê ek is baie min ingelig met betrekking tot dit. So, dit sal hy maar self antwoord.

Die volgende een is beskuldigde nr. 1 wat 'n lid is van AZANYO afkomstig van Johannesburg en ook 'n organisasie wat Swartbewussyn ondersteun? -- nee, dit is nie die waarheid nie. AZANYO gebruik nie die beleid van die Swartbewussyn nie.

En dan beskuldigde nr. 2 die voorsitter van die AZAPO van die Vaal. Hy is ook 'n aanhanger in die sin dat AZAPO(30)

Swartbewussyn/...

Swartbewussyn aanhang? -- Laat ons mekaar mooi verstaan hier. Ek het hier vir die Hof gesê Swartbewussyn is 'n beweging wat aanvaar kan word en gebruik word as 'n beleid deur enige organisasie wat dit so goed sien. Dit beteken dus nie dat as 'n persoon 'n aanhanger is van die Swartbewussyn dan moet 'n persoon by so 'n organisasie 'n lid wees wat dit aanvaar as 'n beleid nie. Byvoorbeeld by die kerk het ons 'n "Charismatic Movement". Dit kan nie deur enige kerk geëien word as die beleid van daardie spesifieke kerk nie. Enigeen kan 'n "Charismatic Movement" wees. (10)

HOF : Waarom loop u die vraag vooruit? U koes vir 'n hou wag nog nie gekom het nie? -- Nee, dit is nie die geval dat ek nou koes voor die hou gedien word nie, maar ek antwoord die vraag soos dit gestel word.

Dit het nie vir my so geklink nie. Op daardie stelling van die advokaat kon u bloot gesê het "Ek neem kennis."

MNR. JACOBS : Sal jy saamstem dat hierdie vier figure wat ek nou genoem het, persone, is almal leiers op die vlakke waar hulle beweeg? -- Ek stem saam, maar hulle was nie sprekers gewees nie. Ek het hier vir die Hof gesê dat ek net een spreker (20) gehad het wat deur my genooi was. Die ander was net toevallig daar teenwoordig.

Kan jy vir die Hof sê toe Hlubi hulle aan die vergadering voorgestel het, waar het hy die besonderhede omtrent beskuldigde nr. 1 gekry? -- Dit is hy, Baleka, beskuldigde nr. 1, wat na Hlubi toe gegaan het en daar gevra het om 'n kans gebied te word as 'n spreker, waar hy dan sy naam bekend gemaak het en die ander inligting aan hom verskaf het soos Hlubi hom nou voorgestel het.

En die besonderhede van beskuldigde nr. 2? -- Hy het ook (30)

na/...

na Hlubi toe gegaan. Hlubi was die voorsitter.

En wat gebeur toe? -- Hy het mos daar gevra of hy ook iets kan sê.

Het hy vir Hlubi sy besonderhede gegee daar of nie? -- Wat ek van weet is dat Hlubi hom voorgestel het as 'n lid van AZAPO en toe sy naam genoem.

Ek vra vir jou waar het Hlubi die besonderhede gekry oor beskuldigde nr. 2? -- Hy behoort dit van beskuldigde nr. 2 te verneem het.

Weet jy of weet jy nie? As jy nie weet nie, sê net (10) "Ek weet nie"? -- Ja, ek weet nie. Ek was nie by hulle gewees nie.

Dan 'n ander aspek wat ek net nou met jou wil behandel. Kan jy vir ons sê - of laat ek dit so vir jou stel. Jy het vir die Hof gesê daar was twee vreemdelinge saam met beskuldigde nr. 16 by jou huis wat daar by jou huis aangekom het? -- Ja.

Wie is die twee vreemdelinge wat beskuldigde nr. 16 vergesel het? -- Dit is die mense wat in die geselskap van hom was wat vreemdelinge is. (20)

Het jy my vraag verstaan? -- Herhaal die vraag dan.

Ek het gevra wie was hierdie mense?

MR BIZOS : Is it not clear that had they not been "vreemdelinge" their identity was known?

MNR. JACOBS : Die persone, toe hulle daar gekom het, is hulle aan jou voorgestel? --

Wie is hulle? -- Ek het vergeet wie hulle is. Hulle is nie aan my bekend nie.

Waarvanaf kom hulle? -- Ek weet nie. Hulle het saam met beskuldigde nr. 16 daar gekom. (30)

Toe/..

Toe hulle voorgestel is deur beskuldigde nr. 16 aan jou, is dit nie gesê "Kyk, hierdie mense het saam met my gekom van daar af of daar af" nie? Of vanwaar die mense is nie? -- Nee, al wat hy gesê het, is om die name van die mense aan my te noem. Ek het hulle gegroet en toe in my "study" ingegaan.

Toe julle kerk toe gegaan het, wat het van hierdie twee mense geword? -- Hulle was nie teenwoordig daar nie. Ek weet nie wat intussen van hulle geword het nie.

Wanneer het hulle verdwyn? -- Ek weet nie of hulle (10) verdwyn het nie, maar toe ek teruggekeer het, was hulle nie meer daar nie.

Teruggekeer het waarvanaf? -- Van my "study" af.

Het jy hulle ooit weer daardie dag van die 19de gesien? -- Nee.

Na die vergadering is mnr. Manthata, beskuldigde nr.16, weer na jou huis toe? -- Ja, hy is na my huis toe.

Het hierdie mense hom toe weer daar kom kry? -- Nee.

Hierdie twee mense, was dit nie mense van UDF gewees nie? -- Ek ken nie die persone nie. (20)

Is dit nie toe hierdie mense aan jou voorgestel is, hulle voorgestel is as mense van UDF nie? -- Nee, dit is nie die waarheid nie. Dit het nie gebeur nie.

MR BIZOS : I hope that Your Lordship does not think that I show unnecessary sensitivity in relation to putting wrong things to witnesses. It was put to the witness "dit was n valse stelling" that there were cars parked outside. I merely want to draw attention to EXHIBIT AAQ7. That is a report by Mr Joshua Raboroka where in the third paragraph he says there were police cars parked outside. I do not remember on what (30)

basis/...

basis I put it, but Your Lordship will recall that I did cross-examine Mr Koaho on this exhibit and probably I got it from there.

COURT : Well, if you put it, I take it that you will call Mr Raboroka?

MR BIZOS : Oh, yes, I think that he will be called as a witness.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 18 JUNIE 1987.